NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 2 DESEMBER 2015 OM 15:30

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, rdl M Rangasamy [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z	Goliath, M S I
Cloete, C M	Humphreys, F S
Cox-Chetty, Y S	Stemele, O M
Geel, B W	Traut, L

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Wnd. Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdh M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle J H Cleophas, A C Sedeman en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp.

Die voorsitter noem dat die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz en die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys later by die vergadering sal aansluit.

Die voorsitter versoek 'n minuut van stilte in medelye met die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp, met die afsterf van sy broer.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 4 NOVEMBER 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl L Traut, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 4 November 2015 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

5.1 MAANDVERSLAG: OKTOBER 2015

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

Die voorsitter lê die onderskeie maandverslae ter tafel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir die tydperk Oktober 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

7.1 MAANDVERSLAG: OKTOBER 2015

7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)

Die voorsitter behandel die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Oktober 2015.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) M RANGASAMY
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Onder-voorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z
Cloete, C M
Goliath, M S I
Papers, C H
Rust, N J A
Van der Merwe, J I
Van Zyl, M
Wilskut, W
Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Wnd. Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 15:45 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle J H Cleophas, B J Stanley en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 4 NOVEMBER 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 4 November 2015 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: OKTOBER 2015

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha noem dat die huidige damvlakke kommerwekkend laag is en versoek dat die spaarsamige gebruik van water deur almal toegepas moet word.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, bedank die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha, vir die metodes wat gebruik word om die gemeenskap van die waterprobleem in kennis te stel.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit, noem dat Koeberg 1 hopelik gedurende Desember aangeskakel sal word na instandhoudingswerk daaraan verrig is.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem verder dat alhoewel beurtkrag nie daagliks plaasvind nie, moet energie spaarsamig gebruik word om die implementering van beurtkrag te voorkom.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Oktober 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]

Geel, B W	Sneewe, A M
Goliath, M S I	Traut, L
Papers, C H	Van der Merwe, J I
Philander, D B	Van der Westhuizen, R F
Rangasamy, M	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz (sluit by die vergadering aan)
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys (sluit by die vergadering aan)
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Wnd. Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Senior Bestuurder: Bou-omgewing, mnr A M Zaayman (sluit by die vergadering aan)
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 15:57 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle A C Sedeman, B J Stanley en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 4 NOVEMBER 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

Dat die notule van ’n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 4 November 2015 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE MBT BESKERMINGSDIENSTE

5.1 MAANDVERSLAE: OKTOBER 2015

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.2 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)
5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys noem dat die aantal onpadwaardige voertuie in die Swartland-gebied kommerwekkend is, soos vasgestel is tydens die gratis padwaardigheidstoetse wat vroeër van stapel gestuur is.

5.1/...

Die Direkteur: Beskermingdienste versoek dat die eienaars van voertuie gereeld die padwaardigheid daarvan toets aangesien dit tot 'n veiliger padverbruik-omgewing sal lei.

Die Direkteur: Beskermingsdienste spreek sy bekommernis uit teenoor die aantal, asook tipe brandgevalle, wat aangemeld word en versoek dat die gemeenskap paraat moet wees wanneer daar met enige voorwerp gewerk word wat moontlik tot 'n brand kan lei en gevolglik ernstige skade mee kan bring.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen bedank die Verkeer- en Wetstoepassingsafdeling vir hulle gesindheid teenoor die motoriste, ongeag van die omstandighede waarin hul werk, wat 'n positiewe beeld van Swartland Munisipaliteit uitbeeld.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste, Verkeers- en Wetstoepassingsdiens en die Brandbestrydingsafdeling vir die tydperk Oktober 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 MAANDVERSLAG: OKTOBER 2015

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Oktober 2015.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE